OVER-VAAL

Die Geskiedenis van 'n Ampswoning

deur dr. Jan Ploeger

RUIM 'n eeu gelede. Die Voortrekkers in die Oorvaalse het geleidelik tot rus gekom, die Groot Trek het tot die verlede behoort en in 'n nuwe vaderland het die tydelike tuiste, die ossewa, vir die beskeie plaaswoning plek gemaak.

Behalwe die yl verspreide plaaswonings was daar 'n drietal klein dorpies, te wete Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg. Een van die leiers in die noorde, kommandant-generaal Marthinus Wessel Pretorius, het hom beywer om 'n sentraal geleë dorp te stig en met dié doel het hy twee plase naby die Apiesrivier, Elandspoort en Daspoort aangekoop. Sy aanvanklike voorstelle in dié verband het skipbreuk gely, maar op 16 November 1855 het die meerderheid van die Volksraad hom ten gunste van die plan verklaar.

Voordat die Volksraad sy besluit geneem het, het kmdt.-genl. Pretorius hom met sukses beywer om die stigting van 'n kerklike gemeente op die twee plase te bevorder. Op dié wyse het die latere Pretoria se geskiedenis in die vorm van 'n kerkplaas begin. Hoeveel ou dorpe en stede in ons stamlande het nie op daardie wyse hul verskyning op die landkaarte van vervloë dae gemaak nie. Eers was daar die kasteel of die kerk en daarop het gevolg die middelpunt van burgerlike bestuur en administrasie, handel en nywerheid.

Uit die gemeente Pretoria Philadelphia (waarmee bedoel is Pretorius-broederskap) kortliks bekend as Pretoria, het die dorp en later die stad Pretoria gegroei. Na die eerste aanleg was dit een van die tipies Suid-Afrikaanse dorpe met sy sentraal geleë plein en die twee loodreg daarop geprojekteerde hoofstrate. Hierdie oudste hoofstrate van Pretoria was bekend as Markstraat (vandag Paul Krugerstraat) en Kerkstraat. Rondom die plein, Kerkplein, en langs hierdie hoofstrate het die langsame ontwikkeling en groei van Pretoria begin. Dit het langsaam gegaan, omdat die Transvaalse samelewing hoofsaaklik agraries was, omdat Transvaal met allerhande groeipyne gesukkel het, ook nadat Pretoria in 1860 tot die setelplaas van die regering verhef is.

Buite die eintlike dorpskern wat deur Boomstraat in die noorde, Du Toitstraat in die ooste, Potgieterstraat in die weste en Scheidingstraat in die suide begrens is, het die groot plase gelê wat geleidelik onderverdeel sou word om daarna hul rol as woonbuurtes te gaan speel.

Die uitbreiding van Pretoria het geruime tyd langs Kerkstraat plaasgevind. Gedurende 'n groot aantal jare het die vroeë Pretorianers volop geleentheid gehad om hulle binne die grense van die reeds genoemde ou stadskern te vestig. Die bekende Ou Begraafplaas, waar soveel bekende staatmakers van Pretoria ter ruste gelê is, het aan die wesgrens van die beboude gedeelte gelê. Tussen Potgieterstraat en die hedendaagse Bosmanstraat het die Staatspresident teenoor die eenvoudige kerkgebou van die Gereformeerde gemeente waartoe hy behoort het, gewoon. Aan die suidekant van Kerkplein het die eerste Volksraadgebou met sy stoep en grasdak gestaan. Rondom die plein was daar 'n aantal winkels, die pos-

Links: Die indrukwekkende Kaaps-Hollandse gewel van *Over-Vaal* met die jaartal 1937 wat aan die jaar van voltooiing van die bouwerk herinner

Onder: Die versoek van kommandant-generaal M. W. Pretorius dat die dorp Pretoria op sy plaas aangelê word. Die versoek, wat van 30 Februarie 1853 dateer, is afgekeur. Uiteindelik is die dorp op 16 Februarie 1855 geproklameer. (Foto: Stadsraad van Pretoria.)


wharop den Ed: Lid Bredenkaek tegenstem de
Art: 63 Verzoek van de Komt. G! M. W. Pretorius dat
de plaats die Ze. gekocht heeft moge worden
goedgekeurd tot een Colonieplaats of Dorp van
den Ed. Heer J. J. P. Pienaar door de verschillende
gevoelens der Leden heeft zijn Ed zijn verzoek terug
gevraagd.